

Regering toon wantroue in eie stelsel met appèl – LBK

Deur JOYLENE VAN WYK en SUSAN BOTES

Die appèl van drie ministers teen die Mededingingstribunaal se goedkeuring van die Walmart-Massmart samesmelting is die slegste ding wat die afgelope vyf jaar met die Suid-Afrikaanse sakesektor kon gebeur, sê me. Lindie Stroebel, senior ekonoom van die Landboubesigheidskamer (LBK).

Stroebel sê die proses wat die Amerikaanse winkelreus moes deurloop voor die tribunal die proses goedgekeur het, was goed.

“Dit wys dat Suid-Afrika nie sommer geboelie sal word nie. Die Regering het egter met die appèl nou te kenne gegee dat hy nie vertroue in sy eie proses het nie.”

Me. Tina Joemat-Pettersson, Minister van Landbou, Bosbou en Visserij, mnr. Rob Davies, Minister van Handel en Nywerheid, en mnr. Ebrahim Patel, Minister van Ekonomiese Ontwikkeling, staan die tribunaal se goedkeuring teë.

Stroebel sê met dié enkele skuif is die harde werk van sowat vyf jaar ongedaan gemaak.

“Ons werk hard om buitelanders te oortuig om in Suid-Afrika te belê en dan gaan doen die Regering iets soos dié.” Stroebel sê ’n stabiele omgewing is die belangrikste lokaas vir buitelandse beleggers. Die appèl deur die Regering boesem nie juis vertroue in nie en hy het nou die kans op ’n goeie belegging geknou.

“Die boodskap wat dié optrede aan buitelanders stuur, is dat Suid-Afrika se Regering hulle (buitelanders se) geld wil hê, maar self wil besluit wat om daarmee te doen. Dit skep wantroue in die stelsel.”

Stroebel sê hoewel talle buitelandse beleggings in Suid-Afrika gemaak word, is dit bloot finansiële beleggings op kort termyn wat vinnig onttrek kan word. “Sulke beleggings kan vinnig onttrek word.

Buitelanders belê nie in infrastruktuur nie, wat beteken dat hulle môre hul steun kan onttrek.”

Walmart se transaksie is egter ’n meer stabiele belegging en sulke transaksies is broodnodig vir die land se ekonomie, sê Stroebel.

Intussen het die ANC se alliansievennote, Cosatu en die SAKP, gesê hulle steun die ministers se appèl.

Die SAKP meen die goedkeuring van die oornome was van die begin af ’n fout aangesien Walmart teen vakbonde gekant is.

Cosatu sê daar kan nie net voorsiening vir buitelandse belegging gemaak word om goed te lyk voor die internasionale gemeenskap ten koste van Suid-Afrika se eie ontwikkelingsdoelwitte nie.

Cosatu meen Walmart is ’n slegte werkgever wat nie net lae lone betaal nie, maar ook die goedkoopste produkte uit enige deel van die wêreld aanskaaf sonder om ag te slaan op die gehalte daarvan.

- Intussen het Oceanfresh, seekosafdeling van die genoteerde Lonrho, bekend gemaak sy stokvis-filette gaan in 500 winkels van Walmart in Amerika verkoop word. Dié stap sal minstens 100 plaaslike werksgeleenthede skep. Lonrho is op die Londense effektebeurs genoteer en fokus op die belegging en ontwikkeling van Afrika. Die maatskappy is werksaam in 17 Afrikalande. (Bron: I-Net Bridge)